# 451 Troue Here van my lewe



U, die kenner van ons harte, ken ook my en weet alleen,
hoe ek in berou en smarte my onheiligheid beween.
Ja, U ken my hart se wonde, ken die leed om al my sonde,
maar ek kom in Jesus Naam om sy bloed neem U my aan.

Deur u Seun skenk U genade, deur geloof neem ek Hom aan;
daarom vrees ek nie die kwade, omdat Jesus met my gaan.
Alhoewel in skuld gebore, was ek in Hom uitverkore,
voor u woord in skeppingsmag skeiding roep oor dag en nag.

Wie vrees nog die bose magte as ons uitverkore is?
Want in donker onheilsmagte weet ons wie ons Vryspraak is.
Nee, geen hel kan ons laat vrees nie, en geen straf ons deel meer wees nie;
ons kan in ons Voorspraak roem wie kan ons dan nog verdoem?

Jesus Christus het gesterwe, het verrys, verrys vir my;
het sy vrede my laat erwe deur sy soendood, ook vir my.
Hy wat intree by die Vader, trek my deur sy liefde nader;
in ontferming oor my lot staan Hy in my plek voor God.

Ondanks alle aardse laster hoe die hel se magte woed,
groei geloof in my al vaster, God sal my getrou behoed.
Niks wat ek op aarde ly nie, kan my van sy liefde skei nie.
Ek sal juig in pyn en vrees, in my Heer oorwinnaar wees.

Ruwe storme breek in woede, alles om my heen is nag;
tog hou God my in sy hoede hou vir my heil die wag.
Kon ek soms sy hulp nie sien nie, ook sy liefde nooit verdien nie,
het sy Gees my steeds gelei, staan Hy my in alles by.

Wat my tref in dood of lewe; watter teenspoed my ook wag,
Jesus sal my nooit begewe is ek swak, by Hom is krag.
Ook die Satan het sy perke in die Heer se almagswerke;
hoogte, diepte, vreugde of rou niks ontruk my aan Gods trou!

Johann A. Schlegel (1721-93) Duits (16de eeu)